

Woensdag 10 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 4:23-31

Fokusgedeelte: Handeling 4:29-31

Gebed en die werking van die Heilige Gees

Wanneer ons Handeling lees, val ons baie keer in die versoeking: “Ag, het ons maar in daardie tyd geleef. Was ek maar ’n gelowige in daardie tyd om dit alles te kon beleef.” Net in hoofstuk 4 het ons al gelees: Die Heilige Gees vervul die Here se dissipels (vs 8). Daar is standvastigheid en sekerheid, ’n vreesloosheid by dié wat die evangelie verkondig (vs 12). Die Woord word met groot vrymoedigheid verkondig (vs 13). Daar is gehoorsaamheid in die harte van die gelowiges (vs 19). Al is daar dreigemente, het die werk voortgegaan, die Here is verheerlik by die vestiging van sy kerk (vs 21).

Nadat die apostels voor die Raad was, is hulle laat gaan. Die apostels bly die wonders van die Here verkondig (vs 23). Al kom baie in opstand teen die evangelie, word dit vreesloos uitgedra. Ja, ons is dalk in die versoeking om in daardie tyd te wou leef.

Maar dan kyk ons iets belangriks mis. Die volgelinge van Jesus in daardie tyd doen dieselfde as wat ons vandag doen. *Hulle bid* (vs 29-31). Hulle lê die dreigemente en vrese voor die Here en vra vir die vrymoedigheid wat die Heilige Gees gee, want hulle is afhanklik van die Here. Hulle bid dat die Here sy hand sal uitstrek, dat die Here sal skenk. Sonder die Here is ons niks en kan ons niks doen nie. Hulle bid: “Gee dat u dienaars met alle vrymoedigheid u woord sal spreek, verkondig.” ’n Gebed wat nie gebonde is aan daardie tyd nie. ’n Gebed vir die hele kerk van die Here tot vandag toe, en in die tye wat nog kom.

Jesus se verlossingswerk is vir al sy kinders, reg deur die eeue. In vers 31 sien ons dat hierdie gebed verhoor is. Die dissipels kry almal weer nuwe krag, volle vrymoedigheid om die Woord uit te dra. Die vertrek waar hulle was, het geskud. ’n Teken dat die Here verhoor het en dat Hy teenwoordig is. Ons leef nou, in hierdie eeu. Ons is ook vol van die Heilige Gees, want ons gebed word verhoor en ons kry nuwe krag. Ons het vrymoedigheid om vir die Here te leef en sy Woord uit te dra, nou, elke dag!

Sing: Skrifberyming 14-3 (53):3, 4

Ds. MH le Roux (Marco) (Newcastle)